

30 April

Skrifgedeelte: Jakobus 1:19-27; 2:14-26
Fokusgedeelte: Jakobus 2:21-26

Wees dankbaar teenoor God

'n Ware besef van God se genade en verlossing in Jesus Christus het altyd dankbaarheid tot gevolg. Dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (HK). 'n Lewe van dankbaarheid soek altyd God se wil, soos in sy Woord.

Jy sal seker nie somer bedrog wil pleeg nie. Allermens sal jy jouself wil bedrieg. Tog doen baie mense dit gereeld. Miskien jy ook? Wanneer bedrieg jy jouself? As jy net die Woord hoor en dit nie uiteleef nie en as jy jou tong nie in toom kan hou nie. Gaan kyk na jouself in die spieël van die Woord.

'n Volgende vraag: Wil jy graag werklik gelukkig wees? Natuurlik – wie wil nie? Hoe dan? Verdiep jou in God se Woord, hou daaraan vas, moenie dit vergeet nie, maar leef die Woord uit. Oral! Luister net wat God se Woord vir jou in jou lewe beteken: “*As ek al u gebooi in ag neem, sal ek nooit raadop wees nie*” (Ps. 119:6).

Jou dade, ook dit wat jy vandag gaan doen, bevestig jou geloof. Geloof sonder doen beteken niks. Dit is dooie geloof. Geloof wat dood is, kan jou nie red nie. Dit beteken nie dat jou dade jou in die hemel bring nie. Nee, jou dade is uit dankbaarheid vir God se groot liefde vir jou in Christus. 'n Goeie boom dra goeie vrugte. Gaan kyk weer na die lewe van Abraham. Sy geloof het met dade gepaard gegaan. God het hom vrygespreek en hy is n vriend van God genoem.

Hoor weer: niks kan jou skei van God se liefde vir jou nie in Christus nie! Niks nie. Gaan lees wat Paulus daaroor skryf in Romeine 8:31-39. God sê vir jou *dat alles wat in jou lewe gebeur, vir jou goed is* (Rom. 8:28). Selfs al verstaan jy dit nie nou nie, of al wil jy jou lewe op die oomblik anders hê. Jy het die troos dat jy met al jou behoeftes en begeertes, kommer en vrees, hartseer en pyn, ja met alles na Christus toe kan gaan.

Dank God vandag met jou lewenswandel vir sy liefde en genade aan jou. Onthou dat jou gebed die belangrikste deel van jou dankbaarheid is.

Leef jou geloof vandag uit.

Sing: Psalm 92:1, 2, 6, 7

Ds. W Vogel (Cachet)